04 Nov

Uitgawe 2009/11/04

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Toe sing hulle 'n nuwe lied: "U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U geslag is en met u bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie. U het hulle 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer." (**Op.5:9-10**). ***Jesus, U is waardig! Waardig nie net van ons aanbidding nie, maar ook ons werk en opoffering om toe te sien dat U naam verkondig word aan elke stam, taal, volk en nasie. In elke taal sal prys aan U geoffer word, uit elke volk sal harte voor U neerbuig. Saam sal elke nasie hul in U verheerlik en seëvier. Ons wil die volheid van U heerlikheid in die hele wêreld sien.*** (Bron: 21 Days for Global Harvest)

Deurbraak : Kinders gered uit slawerny

Die FBI (Amerikaanse Federale Speurdiens), met die hulp van *Innocence Lost National Initiative*, het twee weke gelede 50 kinders uit seks slawerny gered. Hulle het 36 stede gedek, en het 631 arrestaties waarvan 60 leiers was. Seks slawerny is nog steeds een van die grootste probleme in V.S. Daar is 34 taakmagte in die land – federaal, in die staat en plaaslik – wat toegespits is op hierdie probleem. (Webruimte: http://www.citizenlink.org/CLtopstories/A000011333.cfm, 27/10/09). ***Prys die Here vir elke lewe wat gered is. Bid dat die Gees van God elkeen sal troos en genees van enige ervaring wat hulle geskend het. Vra God om Sy liefde aan hierdie kinders te openbaar.*** (**Jes.15b-16**).

Bid vir jou gemeenskap : Media bewustheid

Deesdae word kinders gebombardeer met boodskappe van verkeie bronne van die media: televisie, rolprente, radio, tydskrifte, die Internet – en die hele vermaaklikheidswêreld. Die boodskappe van die media waarna kinders luister, kyk, en lees het 'n kragtige uitwerking op hul lewens. Ongelukkig is die boodskappe baie keer leuens wat die media as gesonde en normale gedrag by kinders oordra. Besoek die webruimte vir wenke om kinders te beskerm. (Webruimte: http://www.cbn.com/family/parenting/burns-media-wise-parents.aspx, 03/11/09). ***Bid dat ouers gesonde grense vir hul kinders sal plaas en ook daarby sal hou. Bid vir wysheid en leiding van God. Bid dat ouers God sal raadpleeg oor hoe hulle hul kinders moet grootmaak.***

Suid-Afrika : Wetgewing van Dobbelary

Die Portefeulje Kommittee van Handel en Nywerheid en Industrie gaan publieke verhore hê om die Nasionale Dobbel Wetgewing na te sien en vra burgerlike samelewing en organisasies om geskrewe kommentaar in te handig. Dit is 'n geleentheid vir Christen burgers, Kerke en organisasies om hul kommentaar oor die sosio-ekonomiese impak van gewettigde dobbelary op huwelike, die familie en die samelewing aan te spreek. Publieke verhore is geskeduleer vir Vrydag, 6 November en Dinsdag, 10 November 2009 in die Parlement. Die wet van Dobbelary kan gevind word by : /za_members/12306/ftp/Gambling Act.pdf - /za_members/12306/ftp/Gambing Amendment.pdf. (Webruimte: http://www.familypolicyinstitute.com/, E-pos: enaidoo@familypolicyinstitute.org, 02/11/09). ***Bid dat elke besluit wat geneem sal word gebaseer sal wees op God se Woord.***

Internasionaal : Dag van Gebed vir die vervolgde Kerk

Daar is baie lande in die wêreld vandag waar Christene ‘n marteldood sterf vir hul geloof. Die wêreld moes toesien hoe die Christene swaar vervolg was in Orissa, Indië verlede jaar. Daar is ander plekke in die wêreld, soos Noord-Korea, waar vervolging wel plaasvind, maar dikwels word die volle verhaal nooit vertel nie. Die *Internasionale Dag van Gebed vir die Vervolgde Kerk* is ‘n tyd waar ons dink aan duisende Christen broers en susters van regoor die wêreld wat vervolg word, net omdat hulle erken dat Jesus Christus die Here is. Die *Internasionale Dag van Gebed vir die Vervolgde Kerk* gee vir ons ‘n geleentheid om saam met ‘n halfmiljoen kerke in 150 lande te bid vir die kerk wat ly. (Webruimte: http://www.idop.org/, 03/11/09). ***Bid vir Christene van ‘n Moslem agtergrond wat verwerp word deur hul families. Bid vir vertroosting, vrede en uithouvermoë. Bid dat hulle verhoudings met ander Christene sal bou en sal ervaar dat hulle behoort aan die familie van God. Bid vir Christene wat vervolg word deur Kommuniste en regerings wat die Christendom teenstaan – Sjina, Noord-Korea, Viëtnam en Toerkmenistan. Bid vir Gelowiges in die Hindoe en Boeddhistiese wêreld.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com